

Tabel 8: Verbod op die verkoop van ongesertifiseerde saad

Regulasie 24 van Goewermentskennisgewing No R 1064 van 23 Mei 1980 bepaal dat saad van die variëteite wat in Tabel 8 van die Wet opgeneem is, slegs verkoop mag word indien sodanige saad ingevolge die Suid-Afrikaanse Saadsertifiseringskema gesertifiseer is. Slegs variëteite waarvan die genetiese eienskappe sonder goeie beheer sal degenereer, word oorweeg vir lysing.

SANSOR, die Gesag wat deur die Minister van Landbou aangewys is vir die uitvoer en administrering van die SA Saadsertifiseringskema, hanteer ook die aansoeke om lysing, waarna dit dan met aanbeveling na die Registrateur van Plantverbetering aangestuur word, wat finaal sal besluit of die betrokke variëteit in die Tabel opgeneem moet word.

Die prosedure vir die lysing van variëteite op Tabel 8 van die Wet is as volg:

1 Aansoek om lysing

1.1 Vereistes vir aansoekers

Die volgende persone mag aansoek doen om 'n variëteit op Tabel 8 te lys:

- 1.1.1 Die plaaslike eienaar van die variëteit.
- 1.1.2 Die plaaslike lisensiehouer of agent met skriftelike toestemming van die buitelandse eienaar.
- 1.1.3 In die geval van publieke variëteite, kan enige persoon aansoek doen – dit sluit publieke variëteite vanaf die buiteland in.
- 1.1.4 In die geval van publieke variëteite vanaf die buiteland, moet goedkeuring verkry word van die party wat oorspronklik aansoek vir variëteitslysing gedoen het.

1.2 Vereistes vir variëteite

Variëteite sal slegs vir lysing oorweeg word indien dit aan die volgende vereistes voldoen:

- 1.2.1 Die bepalings van die Plantverbeteringswet moet van toepassing verklaar wees tot die soort plant waartoe die variëteit behoort.
- 1.2.2 Slegs variëteite wat reeds op die Variëteitslys is, of ingedien is vir lysing, kwalifiseer. Spesiale uitvoere waar saad ingevoer word vir vermeerdering en her-uitgevoer, mag wel gelys word.
- 1.2.3 Dit is nie 'n vereiste dat die variëteit Planttelersregte moet hê nie.
- 1.2.4 Die soort plant waartoe die variëteit behoort moet ingevolge die SA Saadsertifiseringskema gesertifiseer kan word. Met ander woorde, daar moet alreeds 'n Aanhangel, waarvolgens die spesifieke sertifiserings-vereistes uiteengesit word, bestaan.

1.3 Wyse van aansoek

Die aansoek om die lysing van 'n variëteit moet by SANSOR in Pretoria ingedien word en die aansoek moet van die volgende vergesel wees:

- 1.3.1 'n Volledig voltooide voorgeskrewe aansoekvorm wat by die Gesag verkrygbaar is;
- 1.3.2 'n Tegnieke beskrywing van die variëteit;
- 1.3.3 Bewyse van eienaarskap, lisensie, alleen agentskap, volmagte en Planttelersregtenommer, waar van toepassing;
- 1.3.5 Motiverings vir lysing ten opsigte van genetiese eienskappe wat gekontroleerde beheer van produksie vereis;
- 1.3.6 Die voorgeskrewe Administrasiefooi, betaalbaar aan SANSOR. Tans (2012) beloop dit R 300.00 + R 42.00 B.T.W. = R 342.00 per variëteit; en

In die geval van publieke variëteite waar daar geen alleenreg op telersaad is nie, kan enige persoon met produksie van basissaad begin indien hulle 'n aanvaarbare pre-basissaad bron het. Hierdie bron sal egter eers deur SANSOR ge-evalueer word. SANSOR kan instandhouders van teler- of pre-basissaad in sekere gevalle aanwys.

2 Vereistes vir voortgesette lysing

Ten einde vir 'n variëteit om op Tabel 8 gelys te bly, moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- 2.1 Geen wettige besware mag teen die lysing van die variëteit aangeteken word nie.
- 2.2 Die variëteit moet steeds voldoen aan die oorspronklike beskrywing.
- 2.3 Telersaad, pre-basissaad en basissaad moet in stand gehou word.

In die geval van publieke variëteite word aanbeveel dat waar teler- of pre-basissaad aan ander partye beskikbaar gestel word, die prys nie meer as 3 maal die gesertifiseerde prys moet wees nie, en in die geval van basissaad, nie meer as 2 maal die gesertifiseerde saadprys nie.

3 Verkoop van ongesertifiseerde gelyste variëteite

In sekere gevalle kan die Registrateur toestemming gee dat ongesertifiseerde saad van gelyste variëteite verkoop word. Hierdie tydelike uitsonderings sal slegs oorweeg word indien:

- 3.1 Onvoldoende gesertifiseerde saad voorrade beskikbaar is;
- 3.2 Skriftelik aansoek by SANSOR gedoen word vir aanbeveling aan die Registrateur;
- 3.3 Die aansoek vergesel is van die volgende inligting:
 - 3.3.1 Waar orals navraag gedoen is vir die beskikbaarheid van gesertifiseerde saad van die betrokke variëteit;
 - 3.3.2 Die aantal houers en massa waarvoor aansoek gedoen word;
 - 3.3.3 Die lotnommers van die betrokke saadlotte;
 - 3.3.4 Die genetiese oorsprong van die saad, waar bekend; en
 - 3.3.5 Die genetiese en fisiese kwaliteit (ontkieming, suiwerheid) van die saad.
- 3.4 Indien die variëteit Planttelersregte het moet die eienaar / lisensiehouer die nodige goedkeuring verleen.

In die geval van publieke variëteite sal toestemming aan alle aansoekers, onderhewig aan 3.3.4 en 3.3.5 hierbo, verleen word indien dit vir die eerste aansoeker toegestaan is.

Toestemming vir die verkoop van ongesertifiseerde saad sal slegs vir 'n beperkte tydperk verleen word.

Alle goedkeurings is onderhewig aan amptelike, skriftelike toestemming van die Registrateur van Plantverbetering.

4 Skrapping van gelyste variëteite

In sekere gevalle kan variëteite van Tabel 8 geskrapping word. Skrapping sal oorweeg word indien:

- 4.1 Die eienaar of oorspronklike aansoeker dit skriftelik versoek;
- 4.2 Daar 'n suksesvol appél teen die lysing deur 'n ander party aangeteken is;
- 4.3 Die variëteit nie meer suiwer is nie;
- 4.4 Daar nie voldoende basissaad instandgehou kan word nie;
- 4.5 Die variëteitnaam nie meer in die Variëteitslys opgeteken is nie, uitgesonderd saad wat slegs vir uitvoer geproduseer word;
- 4.6 Daar herhaaldelike onvermoë is om voldoende gesertifiseerde saad te produseer; en
- 4.7 Die onvermoë om pre-basissaad of basissaad van plaaslik ontwikkelde publieke variëteite aan andere beskikbaar te stel. Let wel dat basissaad op kontrak bestel word, ten minste een jaar vooruit vir eenjarige gewasse en twee jaar vooruit vir meerjarige gewasse.